

**GRONDWET**  
**UNIVERSITEIT VAN DIE DERDE ERA STILBAAI**  
**(U3A STILBAAI)**

[Die Engelse grondwet van U3A Stilbaai is die oorspronklike en bepalende weergawe]

**1. NAAM**

Die naam van die organisasie is “Universiteit van die Derde Era Stilbaai” (“University of the Third Age Stilbaai”), hierna bekend as U3A Stilbaai.

**2. DOELWITTE**

2.1 Die hoofdoel van U3A Stilbaai is om die lewenskwaliteit van ouer mense te verbeter en die behoud van intellektuele kapasiteit te bevorder deur middel van stimulerende leer- en onderrigprogramme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.

2.2 ’n Aanvullende doel is om deelname van ouer mense aan kursusse, lesings, seminare, konferensies, uitstappies en kulturele sowel as ontspannings- en fisiese aktiwiteite aan te moedig en te fasiliteer,

**3. STATUS**

3.1 U3A Stilbaai is ’n organisasie met ’n regs persoonlikheid, wat in sy eie naam kan dagvaar of gedagvaar word.

3.2 U3A Stilbaai bestaan in eie reg, apart van sy lede.

3.3 U3A Stilbaai kan eiendom en ander bates besit.

3.4 U3A Stilbaai sal bly voortbestaan as sy bestuurskomitee of lidmaatskap verander.

3.5 U3A Stilbaai is ’n organisasie sonder winsmotief wat tot die voordeel van sy lede bestaan en as sodanig verbied word om deel te neem aan enige handel of ander winsgerigte aktiwiteite, of om deel te neem aan enige besigheid, beroep of onderneming wat deur enige lid onderneem word, of om finansiële bystand aan lede te verleen, of om enige perseel of dienste of geriewe aan lede vir enige besigheid, beroep of onderneming te voorsien.

3.6 Geen lede het in hul persoonlike hoedanigheid enige reg tot eiendom, fondse of bates van U3A Stilbaai nie.

3.7 U3A Stilbaai word nie toegelaat om fondse, bates of eiendom oor te dra aan enige regs persoon anders as ’n soortgelyke organisasie nie, en voorkeur moet gegee word aan enige ander Universiteit van die Derde Era in Suid Afrika.

**4. LIDMAATSKAP**

4.1 U3A Stilbaai se lidmaatskap is oop vir alle persone wat belangstel om die doelwitte daarvan te ondersteun en wat op aansoek en betaling van die jaarlikse ledegeld as lid toegelaat word, en gevolglik tot hierdie grondwet verbind word.

4.2 Lidmaatskap kan beëindig word indien:

4.2.1 enige lid optree op ’n manier wat die goeie naam van U3A Stilbaai skend, met dien verstande dat die betrokke lid die reg sal hê om tot die Komitee te appelleer voor ’n finale besluit geneem word;

4.2.2 ledegeld of ander bedrae verskuldig aan U3A Stilbaai na 60 dae nog nie betaal is nie.

**5. BESTUUR**

- 5.1 Die sake van U3A Stilbaai word bestuur en beheer deur 'n Uitvoerende Komitee, hierna genoem die Komitee, wat bestaan uit ten minste vyf en nie meer nie as tien opbetaalde lede van goeie naam, wat die ampsdraers van die organisasie is. Die genoemde aantal lede sluit nie die lede in wat kragtens klousules 5.5 en/of 5.6 gekoöpteer is nie.
- 5.2 Die Komitee word by die Algemene Jaarvergadering van U3A Stilbaai verkies. Komiteelede moet by die Algemene Jaarvergadering benoem, gesekeundeer, en aanvaar word.
- 5.3 Die verkose Komitee beklee hul ampte na afsluiting van die Algemene Jaarvergadering. Komiteelede dien vir een jaar, maar is by die volgende Algemene Jaarvergadering herkiesbaar.
- 5.4 Die ampsdraers, wat bestaan uit 'n voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris en tesourier, sowel as bekleërs van gepaste portefeuljes, word deur die Komitee op hul eerste vergadering na die Algemene Jaarvergadering aangewys.
- 5.5 Die Komitee mag tot vyf gewone lede op die komitee koöpteer. Hulle sal volle stemreg hê en hul ampstermyn eindig by die volgende Algemene Jaarvergadering.
- 5.6 Die Komitee mag ook van tyd tot tyd persone, wat nie lede van U3A Stilbaai is nie, op grond van hul spesiale kundigheid tot die komitee koöpteer. Hulle het geen stemreg nie en hul ampstermyn eindig by die volgende Algemene Jaarvergadering, of vroeër indien die Komitee so besluit.
- 5.7 Komiteelede mag bedank deur nie minder nie as 21 dae skriftelike kennis aan die sekretaris te gee. Die Komitee is gemagtig om lede te koöpteer om vakatures te vul. Sulke gekoöpteerdes het volle stemreg en dien tot die volgende Algemene Jaarvergadering waar hulle beskikbaar is vir benoeming en verkiesing tot die Komitee soos in klousule 5.2 voorsien word.
- 5.8 Indien die Komitee dit nodig ag, kan subkomitees vir 'n vasgestelde tydperk aangestel word om take uit te voer soos deur die Komitee opgedra. Die Komitee hou toesig oor die werksaamhede en take van die subkomitees wat aan die Komitee verslag doen oor die uitvoering van hul gedelegeerde opdragte.
- 5.9 Daar sal elke jaar ten minste vier komiteevergaderings wees.
- 5.10 Die kworum vir enige komiteevergadering is 50% van die stemgeregtigde komiteelede.
- 5.11 Besluite by komiteevergaderings word geneem deur 'n meerderheid van stemme van teenwoordige lede. As die stemming gelykop is, sal die voorsitter 'n tweede of beslissende stem hê.
- 5.12 Spesiale vergaderings van die Komitee mag ter enige tyd op versoek van die voorsitter of twee lede van die Komitee gehou word. Kennisgewing van die vergadering, saam met inligting oor die sake wat bespreek moet word, moet sewe dae vooraf aan al die komiteelede gegee word. Die datum en voorgestelde agenda van sulke vergaderings sal skriftelik deur die sekretaris aan die lede uitgestuur word.
- 5.13 Die sekretaris hou notule van al die vergaderings van die Komitee, die Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergaderings. Notule van subkomiteevergaderings word deur die sameroeper van sulke vergaderings gehou en aan die sekretaris voorsien.

## **6. BEVOEGDHEDE VAN KOMITEE**

Die Komitee is gemagtig om:

- 6.1 jaarlikse ledegeld vas te stel en in te samel;
- 6.2 lidmaatskap te administreer kragtens klousule 4, asook die toekenning van erelidmaatskap na goeddunke van die Komitee;
- 6.3 boeke, pamflette, verslae, brosjures, joernale, films, videobande en ander toeligtingsmateriaal te publiseer;

- 6.4 opleidingskursusse, lesings, seminare, konferensies en uitstappies te organiseer;
- 6.5 saam te werk en te help met die oprigting en werksaamhede van ander plaaslike U3A's;
- 6.6 onvoorwaardelike en onherroeplike ledegeld, donasies, borgskappe en bemakings van persone te ontvang wat die doelwitte van U3A Stilbaai wil bevorder. Enige fondse ontvang sal deur U3A Stilbaai behou word en volgens die diskresie van die Komitee aangewend word;
- 6.7 roerende en nie-roerende eiendom aan te koop, te huur, te ruil, te bekom, te verkoop of oor te beskik; sowel as om enige regte of voordele wat U3A Stilbaai nodig ag vir die bevordering van sy doelwitte, onderworpe aan enige magtiging wat deur wetgewing vereis word, na te kom;
- 6.8 donasies te maak aan enige goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie of enige instelling, raad, of liggaam wat vrygestel is van inkomstebelasting kragtens artikel 10(l)(Ca)(i) van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962);
- 6.9 persone, wat nie lede van die Komitee is nie, aan te stel, óf permanent óf op 'n vastetermynoreenkoms, soos van tyd tot tyd nodig is vir die uitvoering van die werksaamhede van U3A Stilbaai, en die voorwaardes van die aanstelling te bepaal. Sulke aanstellings moet die doelwitte van U3A Stilbaai bevorder;
- 6.10 enige magte en bevoegdhede wat die Komitee nodig ag om die doelwitte van U3A Stilbaai te behaal, op hulle te neem.

## **7. ALGEMENE JAARVERGADERING EN SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS**

- 7.1 Die Algemene Jaarvergadering word een keer elke jaar gehou en nie later nie as 90 dae na die einde van die voorafgaande finansiële jaar. Die sekretaris moet ten minste 21 dae voor die vergadering die kennisgewing van die vergadering tesame met die voorgestelde agenda skriftelik aan alle lede stuur.
- 7.2 Die kworum by die Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergaderings is 10% van die opbetaalde lede. As geen kworum teenwoordig is nie, word die vergadering verdaag tot 'n datum nie meer as 14 dae later nie, soos deur die voorsitter bepaal, en waar die teenwoordige lede 'n kworum sal wees.
- 7.3 Die voorsitter van U3A Stilbaai is die voorsitter van die Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergaderings. As die voorsitter nie teenwoordig is nie, sal die onder-voorsitter voorsit. As albei afwesig is, sal die lede van die Komitee wat teenwoordig is uit hul geledere 'n voorsitter vir die vergadering benoem.
- 7.4 Die sake van die Algemene Jaarvergadering sluit in:
  - 7.4.1 goedkeuring van die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering;
  - 7.4.2 lewering en goedkeuring van die voorsitter se jaarverslag;
  - 7.4.3 lewering en goedkeuring van die vorige finansiële jaar se finansiële state;
  - 7.4.4 verkiesing van komiteelede vir die komende jaar;
  - 7.4.5 aanstelling van 'n ere-ouditeur;
  - 7.4.6 oorweging van enige voorstelle om die grondwet te verander;
  - 7.4.7 oorweging van enige ander sake soos in die agenda aangedui;
  - 7.4.8 oorweging van enige ander sake wat deur lede by die vergadering geopper word.
- 7.5 'n Spesiale Algemene Vergadering van U3A Stilbaai mag saamgeroep word deur 'n besluit van die Komitee, of op 'n versoek wat deur 10% of meer van die opbetaalde lede onderteken is en wat die doel van die vergadering aandui. Sulke vergaderings moet verkieslik tydens gereelde byeenkomste van U3A Stilbaai gehou word.

- 7.6 Stemming by die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergaderings geskied deur die opsteek van hande, tensy anders ooreengekom, en 'n meerderheidstem is deurslaggewend.

## **8. FINANSIES**

- 8.1 Die inkomste en bates van U3A Stilbaai sal slegs binne die bevoegdhede van U3A Stilbaai aangewend word. Geen betaling of oordrag sal aan komiteelede of lede gemaak word nie, met dien verstande dat dit nie die vergoeding van redelike en goedgekeurde uitgawes wat komiteelede of lede in die uitvoering van take vir U3A Stilbaai aangaan, verhoed nie.
- 8.2 'n Bankrekening word in die naam van U3A oopgemaak, en inbetalings en onttrekkings word deur die tesourier gemaak soos deur die komitee voorgeskryf. Dieselfde toesig deur die Komitee geld ook ten opsigte van internet-bankdienste. Beleggings mag aangegaan word, op voorwaarde dat sulke beleggings slegs gemaak word by geregistreerde finansiële instellings soos in artikel 1 van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste (Wet 97 van 1990) bepaal word.
- 8.3 Die finansiële jaar van U3A Stilbaai eindig op die laaste dag van Junie elke jaar.
- 8.4 Alle gepaste onkoste en uitgawes nodig vir die bestuur en bedryf van U3A Stilbaai sal uit sy fondse betaal word.
- 8.5 Die Tesourier hou rekening van alle inkomste en uitgawes en stel 'n finansiële verslag op wat na behore deur die Komitee en ere-ouditeur goedgekeur moet word. Dit word by die Algemene Jaarvergadering ter tafel gelê. Alle geldelike transaksies word deur die tesourier gemaak deur middel van goedgekeurde rekeninge in ooreenstemming met voorskrifte van die Komitee.

## **9. BATES**

- 9.1 Enige bates van U3A Stilbaai moet vestig in trustees wat vir hierdie doel aangestel word, of waar die aanstelling van trustees ontoepaslik is, moet dit geag word gesamentlik deur al die lede van die Komitee gehou te word.
- 9.2 Die Komitee sal 'n bateregister opstel en onderhou wat die aard, waarde en plek van die bates aandui.

## **10. VRYWARING**

- 10.1 Geen lid, ampsdraer of werknemer van U3A Stilbaai is aanspreeklik vir die doen of late van enige ander lid, ampsdraer of werknemer van U3A Stilbaai nie.
- 10.2 Geen lid, ampsdraer of werknemer van U3A Stilbaai is in sy of haar persoonlike hoedanigheid aanspreeklik vir die gevolge van doen of late hetsy van U3A Stilbaai as 'n entiteit of van enige lid, ampsdraer of werknemer namens U3A Stilbaai nie. Opsetlike bedrog, onregmatige optrede of versuim, en growwe nalatigheid is uitgesluit van hierdie vrywaring.

## **11. WYSIGINGS VAN DIE GRONDWET**

- 11.1 Die bepalings van hierdie grondwet mag net gewysig word met goedkeuring van 'n 66%-meerderheid van lede wat by 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering van U3A Stilbaai teenwoordig is, en lede moet ten minste 14 dae vooraf kennis kry van die voorneme om die grondwet te wysig saam met die betrokke wysigings.

## 12. ONTBINDING

- 12.1 U3A Stilbaai mag ter enige tyd ontbind word met die goedkeuring van 66% van die lede wat by 'n Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering van U3A Stilbaai teenwoordig is. Alle lede moet ten minste 21 dae vooraf kennis ontvang waarin hulle ingelig word van die voorneme om die organisasie te ontbind, saam met die voorgestelde resoluëie daaroor.
- 12.2 Met die ontbinding van U3A Stilbaai, en nadat alle skuld en aanspreeklikhede vereffen is, sal die oorblywende bates oorgedra word aan 'n soortgelyke goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie of enige instelling, raad, of liggaam wat vrygestel is van inkomstebelasting kragtens artikel 10(l)(Ca)(i) van die Wet op Inkomstebelasting (Wet 58 van 1962), maar verkieslik aan enige ander Universiteit van die Derde Era in Suid Afrika.

Die Engelse weergawe van hierdie grondwet is aanvaar op die Stigtings-vergadering van U3A Stilbaai, wat op 25 Julie 2016 gehou is.



JD (Niel) van Wyk  
Voorsitter  
U3A Stilbaai